NUUSBRIEF
NEWSLETTER

van / of TUINROETE AGRI

wenakker

tuinroete agri

"Dit beteken nie altyd veel om 'n man van belang te wees nie.
Die belangrikste persoon op 'n begrafnis is die dooie man."
C J Langenhoven

Mei 2009

TUINROETE AGRI OPEN 4DE –"BAAI"-TAK

Tuinroete Agri beplan om op Saterdag 1 Junie 2009 'n nuwe handelstak op Stilbaai te open.
Dit sal die maatskappy se 4de –"Baai"-tak wees die ander is:
Mosselbaai, Plettenbergbaai en Jeffreysbaai.
(Wanneer u hierdie Wenakker lees is die tak hopelik alreeds oop vir besigheid!)

Die perseel waar die tak geopen gaan word is in Stilbaai-Oos (Oslerstraat 48) en is deel van die "On the Rocks"-gebou (dieselfde gebou waar die On the Rocks Restaurant geleë is).

Ons vertrou dat ons met hierdie tak ons diens aan die landbouers, tuiniers, bouers,vakansiegangers, selfdoen-entoesiaste en sommer aan alle inwoners van Stilbaai en die omgewing sal verbeter. Ons uitdaging is om so gou moontlik die produkreekse te identifiseer wat u as kliënt benodig en by ons wil aankoop. Ons fokus gaan steeds wees om gehalte produkte teen mededingende pryse met goeie dienslewering te bied.

Die takbestuurder is Ewert Jonck en kan gekontak word by
Tel. 028-754-3520.

Jacques Coetzer (Takbestuurder Riversdal),
Fritz Schlechter (Hoofkantoor) en
Ashley Basson (Riversdal)
hard aan die werk om alles gereed te hê vir die tak se opening op Saterdag 1 Junie 2009

IMPORTANT!! / BELANGRIK!!

Please remember to complete and submit application form for your new TRA Identification Card before 12 June 2009!

U word herinner aan die aansoekvorms vir die nuwe TRA Identifikasiekaart wat ons voor 12 Junie 2009 moet bereik!

Paktyd in die Langkloof

PLATKOP MERINOSTOET PRESTEER!

Artho Saayman (links) en Jac Saayman (regs) met een van die Platkop Merinostoet kampioenramme

Artho en Jac Saayman, eienaars van die Platkop Merinostoet Riversdal, het vanjaar die land aan die brand geskou! Dié betrokke Stoet het op Swellendam, Heidelberg en Riversdal die meeste punte in die Merino Veldskou behaal. Op Riversdal het die Stoet aan 16 kampioenskappe deelgeneem en 11 kampioene en 7 reserwes verower. Die Stoet het ook die skaap met die beste vag vertoon.

Die hoogtepunt was egter die Stoet se prestasies op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Veldmerino's wat op Middelburg Kaap aangebied is. Daar was meer as 600 veldmerino's van oor die hele land ingeskryf. Tydens hierdie skou het Artho en Jac die SA Kampioenram, die Reserwe Kampioen, die 3de en 4de plek, asook die Reserwe Kampioenooi vertoon. Laasgenoemde ooi is ook aangewys as die veldmerino met die beste vag.

Farming & Environmental Legislation – Part II: Livestock Farming

With regard to those farming with livestock in particular, the National Environmental Management Act's (NEMA) listed activities refer very specifically to the type and number of animals as well as the area used to house them.

The following thresholds (not the complete list) have been identified by NEMA for Environmental Authorisation:

- 20m² per head of cattle and more than 500 head of cattle per facility per year;
- 8m² per sheep and more than 1000 sheep per facility per year;
- 8m² per pig and more than 250 pigs per facility per year excluding piglets that are not yet weaned;
- 3m² per head of poultry and more than 250 poultry per facility at any time, excluding chicks younger than 20 days;
- 100m² per ostrich and more than 50 ostriches per facility per year or 2500m² per breeding pair.

As an example, in the case of ostrich farming, if the area exceeds 5000m² (or 0.5ha) for an amount of 50 birds or more, then an Environmental Authorisation is required. Both thresholds (area and number of animals) must be exceeded. Alternatively, in this example, one breeding pair may not exceed an area of 2500m², thus 4 breeding pairs to one hectare. It must be noted that when an activity is 'listed' and requires an Environmental Authorisation, it does NOT mean that that activity may not take place at all. It merely means that it requires additional consideration, sensitive planning and in some cases specialists assessment - to form a decision about the activity.

Cape EAPrac is an independent environmental firm that has experience in facilitating environmental processes. They also specialise in Damage Assessments, GIS Mapping and Ecological Control work. General enquiries can be directed to
Louise-Mari van Zyl at (044) 874 0365 or email louise@cape-eaprac.co.za.

Land & Strand eiendomme

REEBOK
Impalaweg
044 696 5820

GROOT-BRAKRIVIER
Langstraat 105a
044 620 3322

GEORGE
Mitchellstraat 138
044 874 7644

MOSSELBAAI

111 ha met 25 ha besproeiing waarvan die meeste lusernlande is. Eie rivier. Woonhuis en store.
Hier kan nog geboer word!

R3 800 000
Johan Fourie 082 572 6005

GROOT-BRAKRIVIER

119 ha plaas met 38 ha onder besproeiing. 3 chalets en 2 damme.
Staalstoor + voerstoor.
Nuwe heinings.

R3 500 000 + BTW
Jos Terblanche 083 631 9611

GEELHOUTBOOM

8,8 ha hoewe met alles wat u begeer – 3-slpkhuis met nuwe kombuis en badkamers, 2-slpkwstel, 4-punt melkstal, ± 600m²-staalstoor, 2 arbeiders huise en dam met leibeurt.
Besproeiing en goeie heinings.

R6 500 000 + BTW
Jos Terblanche 083 631 9611

MOSSELBAAI

20 ha Protea plaas. 30 km van Mosselbaai. Twee wonings met woonstel, 3 kantore en pakstoor – in produksie.
Boorgat en fontein.
Goeie inkomste potensiaal.

R3 950 000
Johan Fourie 082 572 6005

www.landenstrand.co.za | info@landenstrand.co.za

PRETTIGE PAASEIERS

Chris Snyman, Takbestuurder Mosselbaai, met van die kleuters

ASLA PARK

Nico Cloete en Chris Snyman (Takbestuurder Mosselbaai Handel) het onlangs by "Creating Effective Families" in Asla Park Mosselbaai gaan paaseiers uitdeel. Hulle is ontvang deur die bestuurder, Lydia Arends. Die sentrum huisves tans 50 kleuters. Daar is ses klaskamers met 8 of 9 behoeftige kleuters in elke klas.
Kontakbesonderhede:

MôRESON KINDERHUIS

Nico Cloete en Johan le Roux (Takbestuurder George) het ook by Môreson Kinderhuis in George gaan paaseiers uitdeel. Hulle is ontvang deur Hermien Carstens wat hulle bekend gestel het aan ongeveer 100 weeskinders. Die kinders het eers liedjies gesing waarna twee van die mannetjies hulle vergas het met 'n "briekdans".
Kontakbesonderhede: **Anna Porter | 044-874-4798**

Johan le Roux by die Môreson Kinderhuis op George

KABOUTERLAND

Die volgende besoek deur Nico en Amanda Cloete en Annelie van Wyk was Kabouterland, 'n kleuterskool vir behoeftige kleuters in Klein-Brakrivier. Die eienaar is Irma de Wet. Die kleuters het trots hulle boeke vir die besoekers gewys waarna hulle uit volle bors en met baie handtekens losgetrek het met "Jesus se soldaatjies, is Meneer!".
Kontakbesonderhede: **Irma de Wet | 084-391-2276**

Nico en Amanda Cloete by Kabouterland

Die drie instansies is baie afhanklik van donasies van enige aard.
Wees verseker dat enige vorm van hulp baie waardeer sal word!

tuinroete agri

KOÖPERASIE STORIES (UIT DIE OU DAE)

BELANGRIKKE DATUMS!

Stigting van Maatskappy	16 Februarie 1932
Eerste nuwe gebou word in gebruik geneem te Kerkstraat Mosselbaai	16 Julie 1946
Opening George Tak	4 Julie 1959
Opening Knysna Tak	1 Augustus 1968
Opening Herbertsdale Tak	25 Oktober 1975
Opening Plettenbergbaai Tak	2 September 1991
Huidige Hoofkantoor Gebouekompleks te Mosselbaai word in gebruik geneem	14 September 1984
Amalgamasie George Aartappelmoerkwekers Koöperasie Bpk en Herold (Koöperatief) Bpk en Suid-Westelike Landboukoöperasie Bpk	9 Januarie 1985
Suid-Westelike Landboukoöperasie Bpk se lede besluit dat die Koöperasie omskep word in 'n maatskappy	26 September 1996
SWLK Beleggings Bpk word geregistreer	4 Maart 1997
SWLK Beleggings Bpk se aandeelhouers besluit ten gunste van amalgamasie met RAK Agri Bpk	24 November 1997

DIE BEGIN WAS MOEILIK!

27 Augustus 1932

"Kennis word hiermee gegee dat die Eerste Jaarlikse Algemene Vergadering van die Maatskappy gehou sal word in die "Coronation" Saal op Saterdag 17 September 1932, om 2 uur nm.

"NB"Die hoop word gekoester dat aandeelhouers van hierdie geleentheid gebruik sal maak om persoonlik op te kom na die vergadering indien enigsins moontlik. Belangstelling is die spil waar alles om draai. Geen belangstelling is doodsheid in besigheid, kom dus op en neem persoonlik deel in die behandeling van die sake van u Maatskappy."

Get. G.F. Brink – Voorsitter

NS Hierdie vergadering is op 24 September 1932 gehou omdat daar op 17 September nie 'n kworum was nie.

INTERESSANTE FEITE

EERSTE JAARVERSLAG 1932

Na veel moeite en opofferings is die maatskappy, Suid-Westelike Koöperatiewe Graan Maatskappy Beperk gestig op 16 Februarie 1932. Die ledetal was 86. 38 Lede het die vergadering bygewoon. Opbetaalde aandelekapitaal R246-20. Gedurende 1932 is geen besigheid gedoen nie en was daar geen inkomste nie. Uitgawes het R198-07 beloop. Daar sal vroegtydig vanjaar (1932) gesorg word vir die nodige fondse sodat wanneer die aflewering van graan geskied, voorskotte dadelik uitbetaal kan word.

WINS TYDENS OORLOG

13 Maart 1943

Aanwending Wins:

Daar word besluit dat die wins van R2 488-57 as volg aangewend word:

Waardevermindering op Geboue	R600-00
Gebeurlikheidsfonds	R600-00
5% Dividend op aandele	R100-87
Reserwefonds	R1 187-70
	R2 488-57

REKENINGS

15 Maart 1947

Mnr. Ernest Robertson spreek sy waardering uit oor die goeie raad aan boere in die Voorsitter se verslag vervat. Hy verlang dat rekeninge elke drie maande aan lede besorg word.

KAPITAALGOEDERE

27 Maart 1948

'n Bedrag van R20 000 word goedgekeur vir die aankoop van 'n graan droogmasjien.

MISDAAD 'N OU PROBLEEM

21 Julie 1951

Die Sekretaris rapporteer aan die Raad van die diefstal van drie sakke mielies wat op 14 Junie 1951 plaasgevind het en dat die beskuldigde een van die arbeiders was wat deur Mnr. Du Preez op heterdaad betrap is voordat die gesteelde goedere vervoer kon word. Die Raad spreek sy dank en waardering teenoor Mnr. Du Preez vir sy optrede uit.

GROEI

11 Oktober 1957

Daar is besluit dat 'n tak van die Maatskappy te George opgerig sal word en om hierdie doel te bereik die Direksie gelas word om die nodige stappe te neem om op die bes en mees ekonomiese wyse geskikte eiendomme te bekom vir die oprigting van geboue en kantoor.

DIE GOEIE OU DAE

Mnr Thys du Toit van Jongensfontein onthou die dae voor die silo's op Riversdal in 1975 gebou is. Op daardie stadium moes boere hulle graan in sakke by die graanstoor gaan aflaai. Soms het daar tot 22 vragmotors in die ry gewag. 3 Ton vragmotors is gebruik wat 65 sakke koring op 'n slag kon laai. Op Kleinberg het die vragmotors van die teerpad af gestaan en wag.

Martiens Wessels van die Koöperasie het dikwels sommer met die hand besluit die koring is nog nat en boere moes dan noodgedwonge die koring op seile uitgooi om droog te word. Later is 'n "masjientjie" gebruik wat met 'n blou vlam gewys het as die koring se voginhoud meer as die toegelate persentasie was. Die toetsproses het 45 minute geduur en almal in die ry moes maar gelate wag.

Mnr Faan van Wyk (foto regs) wat nou in Stilbaai woon, vertel hoe lekker die boere op dié dae gesels het. Hulle het ure onder die bome gesit en dikwels vleis gebraai en "geskinder". Hy lag lekker as hy vertel hoe hy een oggend vroeg 'n "afgekeurde nat vrag" by die kerkhof gaan los het en hoe dieselfde vrag die middag net voor 17:00 die toets geslaag het.

Mnr Louis Fivaz vertel dat sy broer Stoffel 2 vragmotors gehad het wat presies dieselfde geverf was (rooi met wit dakke).

RENTE
19 Oktober 1962
Rente word op uitstaande rekenings gehef teen bankkoers wat op die oomblik 6% is.

BILLIKE VERGOEDING?
30 Oktober 1963
Direkteure word vergoed teen 10c per myl en R4-20 per sittingsdag.

KNYSNA-GEBOU TE KLEIN (hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde)
23 Oktober 1970
Mnr. L.T.S. Dicey sê dat hulle bly is dat die Raad 'n tak te Knysna geopen het en dat lede baie tevrede is met die diens wat gelewer word. Hy voel egter dat stoorruimte baie beperk is en spreek die vertroue uit dat die Raad mettertyd aandag hieraan sal skenk.

KOM ONS GESELS
24 Oktober 1986 | Mnr. P. le Roux – Sal dit verwelkom indien boereverenigings een van hul vergaderings sou inruim as 'n koöperasie-aand wat deur senior personeel bygewoon kan word.

LEDE-ONDERSTEUNING
1 November 1988 | Mnr. H.H. Pienaar - Ons beweeg nou in 'n fase in waar koöperasies onder geweldige druk gaan kom en gaan die voortbestaan van koöperasies afhang van die ondersteuning van lede.

WINS
30 November 1995 | Mnr. H.G. van Rensburg - As ons wil belê op die aandelebeurs, dan kyk ons hoeveel wins 'n onderneming kan maak. Aandele appresieer slegs as 'n organisasie wins maak en as aandele groei, kan lede ookdeel in die welvaart. Op aandrang van die graankoöperasies het die regering besluit om geen verdere permitte vir invoer van koring uit te reik alvorens plaaslike voorrade opgeneem is nie.

JAAR	OMSET	NETTO WINS
1968	2,636,856	71,713
1969	3,191,659	76,333
1970	2,525,619	49,015
1971	3,018,241	89,315
1972	5,241,439	152,645
1973	5,293,996	156,054
1974	4,967,013	189,559
1975	5,215,091	171,110
1976	7,851,235	277,427
1977	8,369,281	308,586
1978	9,084,335	233,119
1979	9,051,249	205,004
1980	15,120,444	323,176
1981	17,473,617	613,713
1982	25,362,066	978,468
1984	35,016,010	1 ,284,196
1983	30,481,484	1,043,704
1985	33,819,010	750,011
1986	39,422,664	216,792
1987	41,560,952	-591,042
1988	44,573,113	305,253
1989	44,352,507	318,886
1990	44,501,084	473,341
1991	49,145,630	134,023
1992	49,960,613	617,825
1993	62,379,543	1,594,428
1994	68,119,507	1,325,820
1995	82,751,567	1,252,875
1996	81,743,307	-1,014,229
1997	85,461,564	-660,621
2001	117,631,648	2,676,000
2005	228,658,000	7,364,000
2008	468,003,000	20,954,000

Die drywer, wat pas 'n vrag afgelaai het, het met die ander drywer in die ry omgeruil, tot groot konsternasie van die Koöperasie personeel wat dan "5 minute tevore dieselfde man in dieselfde lorrie gehelp het!"

Mike Uys vertel van hoe hy as skoolkind in die rye voor die graanstoor snags op die wa onder leë blounaat sakke moes slaap om soggens 6 uur as hulle oopmaak die vrag vorentoe te kan beweeg, anders moes 'n mens weer agter gaan inval. In sy begin dae as Gradeerder, het die stoor nog oopgebly tot 9 uur saans.
Die 6 aflaaiputte was gelyk met die muurtjies gevul en oom Chris van Wyk moes van die agterkant af instoot met sy tippers om af te laai. Daar is dwarsdeur die nag ingetrek en oopmaaktyd, soggens 7 uur, was daar dikwels 1 put wat vol koring was.

Thys en Marlene du Toit

Mike vertel hy het ook tyd gehad vir poetse bak so tussen die harde werk deur. Oom Koos Koen het altyd vir hom gevra om sy vragte te gaan aflaai. Saans met die laaste vrag, terwyl oom Koos dan al te lekker met die ander boere in die gradeerkamer sit en gesels, nadat Mike die vrag weer uitgeweeg het, het hy oom Koos se vragmotor altyd so 50 m van die silo gaan parkeer. Dan het Mike natuurlik taamlik deurgeloop, maar die volgende môre vra oom Koos maar weer die guns. Daar was ook in daardie tyd een van die direkteure wat redelik gehakkel het. Iemand vra hom eendag: "Oom van wanneer af hakkel oom dan so?" en hy antwoord toe "Ek hhakkel net as ek ppraat."
Dit was baie lekker om by Thys en Marlene du Toit en Faan van Wyk te kuier en hulle heimwee oor die ou dae te deel. Soos Marlene tereg sê "Boere tree nooit af nie, al bly hulle ook by die see. Hulle lees nog steeds die Landbouweekblad en weet elke dag presies wat die volstruisprys is".

Artikel: Annelie van Wyk

REDUCE YOUR DEBT AND STRESS IN 2009

Feeling financially pinched after the holidays? If you have answered 'yes' to one or more of the questions below, then you are most likely suffering from debt stress. Did you receive your credit card statement after your festive season purchases and realised that you can't afford the minimum payment due?
Are you using one credit card to pay the instalment on other credit cards?
Are you tempted to accept that personal loan offer so that you have a bit of breathing space until the next paycheque?

Are you avoiding calls from your creditors?

Have you 'maxed out' your credit limits on your store cards and your credit cards?
Read on to find out how to reduce your debt in a controlled, structured manner and then avoid ever getting back into that situation!

Step 1: Document your debt

The main culprits of over-indebtedness are usually credit cards, store cards end personal loans.At this stage, don't worry about reducing your home loan, car loan or overdraft. Your main priority is to eliminate credit card of personal loan debt.
Pull out all your credit card and personal loan statements and write down the following for each debt:
Name of creditor
Total amount owing
Minimum instalment due
Interest rate

Step 2: Prioritise the debt

Arrange your list from highest interest rate to lowest rate. Your goal is to meet all the minimum instalments and then start paying more than the minimum instalment on the debt with the highest interest rate.

Step 3: Prepare a budget and stick to it

Putting together a budget is not as difficult as you think but is critical if you are serious about debt reduction.
List all your income after tax and deductions.
Now list all your expenses split into uncontrollable and controllable.
- Uncontrollable expenses are costs like property rates, school fees, basic foodstuffs, basic clothing, etc. This type of expense is usually classified as 'needs'.

Uncontrollable expenses also include all your monthly debt repayment obligations. If you can't meet all your debt obligations, contact your creditors to make an arrangement (extend the repayment term) before they contact you.
-Controllable expenses are expenses such as entertainment, travel, luxury foods, etc. Controllable expenses can usually be classified as 'wants'.
-Some expenses such as electricity and water are 'needs' but can be controlled and the expense kept to a minimum if you don't allow wastage.
Now calculate Income less Expenses.

Step 4: Increase your income after expenses

In order to improve your monthly financial situation, you can either increase your income or reduce your controllable expenses.
You can increase your income after expenses by taking a second job! The easier option to increase your income after expenses is to reduce your controllable expenses. Go through each controllable expense and target some savings. Do you really need that DVD contract? Do you need to spend so much on clothes and eating out? There are many imaginative ways to cut expenses if you are serious about reducing your debt.

Step 5: Debt consolidation

If you have an opportunity to consolidate debt, this is a useful means to reduce your monthly expenses on debt repayments and increase your income after expenses.Debt consolidation is simply combining multiple high interest loans into one loan with a lower interest rate and sometimes also with a longer term. The amount you owe remains the same, but your monthly repayment reduces because of the longer term and lower interest rate. If you have a bond facility for example, you may want to consider consolidating some other debt into your bond. A mortgage bond typically has a low interest rate which is why it is a popular resource for debt consolidation. A risk of debt consolidation is that you end up repaying a consolidated debt over a very long period and therefore pay far more in finance costs. The best option would be to consolidate your debt to help you out of a short-term problem and as soon as you can afford to, you should increase your debt repayments. Another risk of consolidating debt onto your bond is that if you still don't meet your monthly obligations, then you run the risk of losing your home!

Step 6: Use your income after expenses to reduce your debt

- If you now have more income than expenses, then use this additional income to start paying off more than the minimum instalment on your highest interest debt. This will reduce the remaining term of the debt and you will pay it off sooner than expected.
- When that debt is paid off, take the monthly instalment you were paying on that and use this as extra payment on your next debt.
- Before you know it, your credit card and personal loan debt will be cleared!

Step 7: Stop buying on credit

If you are in a debt-stressed situation, you should immediately stop building up any more debt and rather pay cash for your budgeted expenses.
Cut up all your store cards immediately and once you have settled the debt, close the accounts.
If you have more than one credit card, then keep only one. Cut op all the rest and once you have settled the debt, close the accounts.
Once you have settled all your credit card and personal loan debts, don't build up any more debt of this nature! Only use your one remaining credit card if you can afford to pay the balance in full at the end of the month with no interest

Step 8: If you must use credit, use credit wisely.

Credit can be very useful and can improve your lifestyle if used properly. Debt incurred in buying your home, buying a sensible motor vehicle or educating yourself or your family are all examples of 'good' debt. Before you commit yourself to 'good' debt, make sure you can afford the repayments, you understand all the costs and have included the financial obligation in your monthly budget.
Debt to be avoided is any debt incurred where the repayment term exceeds the useful life of the item purchased. Examples of 'bad' debt would be debt incurred to buy food, clothes, luxury appliances or even debt incurred to go on holiday!
Any debt incurred on your credit card that you cannot afford to pay off in full at the end of the end of the month is 'bad' debt.
If you are serious about reducing your debt and are prepared to make some short term sacrifices then follow the eight steps above. Before you know it, your debt-stress will be a thing of the past and you will have money left over for saving, investing, creating wealth and splashing out on luxuries!

Rands & Sense is written by Paul Barnard of North Star Solutions.

tuinroete agri

Kos- en Wynstories

""'n Ete sonder wyn is soos 'n dag sonder sonskyn" Jean Antheleme Brillat-Savarin

Die meeste van ons het groot geword met die tradisionele kleurformule wat kos en wyn betref, naamlik rooiwyn saam met rooivleis en witwyn saam met vis en wit vleis... en natuurlik soetwyn saam met nagereg!! Die probleem is dat die tradisionele reëls van kos- en wynparing nie die kompleksiteit van vandag se multi-etniese en subtiel gegeurde disse in ag neem nie, asook nie die wye reeks wyne wat beskikbaar is nie.

Om kos en wyn te kry om saam te praat, is nie moeilik nie. Dit vat net 'n bietjie waagmoed, kreatiwiteit en avontuurlustigheid. Daar is uiteraard 'n paar reëls wanneer dit by kos- en wynparing kom, maar onthou ook, reëls is gemaak om gebreek te word!! "Food and wine matching is often cast as a rather mysterious science, but in truth it is actually quite simple, and the experimentation involved is great fun. I have often thought that the highest purpose for a wine is for it to be drunk with food in a situation where both complement each other, and it still amazes me how often a rather humble wine will synergize with a food match in a profound way."
('n Koskenner.)

Wanneer jy kos en wyn kombineer, is die doel eenvoudig sinergie en balans. Die wyn moet nie die kos oorheers nie, en die kos ook nie die wyn nie. Dink aan wyn as 'n spesery of smaakmiddel watt die kos komplementeer. Kombineer ligte wyne met ligter disse en voller wyne met geuriger en ryker disse.

Wyn wat op sy eie gedrink word, smaak anders as wyn met kos, aangesien wyn op kos werk nes 'n spesery. Sure, tanniene en suikers in die wyn reageer op die kos om verskillende proesensasies te skep. Wyn kan die geur van kos versterk. 'n Goeie wynkeuse sal die nuanse van die dis uitbring en die geure en unieke karakter van sowel die kos as die wyn versterk.

Nog 'n paar basiese reëls om in gedagte te hou wanneer jy kos en wyn kombineer:

As jy wyn na 'n eetgeleentheid saamneem, moenie jou te veel bekommer of die wyn by die kos gaan pas of nie, behalwe as jy gevra is om dit te doen en jy het genoeg inligting oor wat voorgesit gaan word sodat jy 'n gepaste keuse kan maak. Vat net 'n goeie wyn saam. Pas altyd die gehalte van die wyn aan by die gehalte van die kos, en andersom.
Wanneer jy meer as een wyn per ete bedien, is dit die gewoonte om ligter wyne voor volrondes te bedien. Droëwyn word voor soetwyn bedien behalwe as 'n soeterige dis vroeg in die ete voorgesit word. In daardie geval kombineer jy die soet dis met 'n soortgelyke soetwyn. Wyn met lae alkohol word voor wyn met hoër alkohol bedien.
Hou geografie in gedagte. Kos en wyn wat uit dieselfde streek kom, het dikwels 'n natuurlike affiniteit vir mekaar.
Neem in ag hoe die voedsel voorberei is. Delikaat gegeurde disse - gestoom of geposjeer - kombineer die beste met delikate wyne. Dis makliker om wyn te paar met geurvoller bereide kos – gerooster, gebraai of pangebraai. Paar die wyn met die sous, speserye of dominante geur van die dis.
Pas die geure. 'n Pinot Noir kombineer byvoorbeeld goed met sampioensop, en die pomelo- en sitrussmaak van Sauvignon Blanc met vis vir dieselfde redes as suurlemoen.

Ten slotte, moenie te veel stres oor die perfekte kos- en wynparing nie. Die beste paring bly eenvoudig goeie kos, goeie wyn en goeie geselskap. Vriende en geliefdes bly die belangrikste bestanddele. In die volgende uitgawe sal ons kyk na 'n paar voorstelle vir disse saam met spesifieke wyne.

Besoek gerus Tuinroete Agri se Drankwinkel in George of die wyn-afdeling in die Mosselbaai en Plettenbergbaai takke. Kom vergewis uself van die groot verskeidenheid gehalte wyne, vriendelike diens en waarde vir geld.

Artikel: Johan le Roux

DAMWISE

water storage solutions

More info at you nearest Tuinroete Agri store!

PRICING

12 000 liters	diameter 3.5 m x 1.5 m high	R11 800
22 000 liters	diameter 4.4 m x 1.5 m high	R15 800
28 000 liters	diameter 5.2 m x 1.5 m high	R18 800
44 000 liters	diameter 6.1 m x 1.5 m high	R22 800
55 000 liters	diameter 7.0 m x 1.5 m high	R26 800
230 000 liters	diameter 14.0m x 1.5 m high	R88 800

Prices exclude vat

Delivery and installation included within Garden Route Agri Area

All South African concept & Design

• Rotationally moulded polyethylene reservoirs • Manufactured from food grade LLPDE • UV resistant • Will not discolour • Light weight • Unaffected by chemicals and acids • Materials used are 100% recyclable • Non toxic • Aesthetically pleasant • 3 standard colours • Flexible Unaffected by unstable ground • Perfect for aquaculture • Can be high pressure cleaned • Side or central outlet option • No foundation needed • Sizes from 12"000 litres to 230'000 litres • Larger sizes custom built • 10 year unconditional guarentee • Competitivley priced

Contact details: Barry 084 300 2289 | barry@aerotraders.co.za / Mike 082 500 2050 | mike@knysna.com
P.O Box 868 , Great Brak River, 6525

Tuinroete Agri Versekering presteer

Ian du Plessis

Die LBK Versekeringsafdeling te Avontuur het in 2008 die goue toekenning vir uitsonderlike prestasie van Santam Bpk ontvang.Daar word sedert 2002 met Santam besigheid gedoen en in die tydperk het die agentskap gereeld erkenning ontvang vir hul bydrae in die spesifieke streek. Faktore wat in ag geneem word vir die toekenning is onder andere die tyd waarin eise afgehandel word en/of daar enige professionele aanspreeklikheidseise teen LBK was.Ons gelukwense aan Ian du Plessis, Versekeringsbestuurder en Suzette Basson wat verantwoordelik is vir die administrasie en opvolging van eise.Tuinroete Agri bied met trots 'n verskeidenheid versekeringsprodukte aan u askliënt. Ons vertrou dat die afdeling van krag tot krag sal gaan. Ian kan gekontak word by 044-752-3004 of 082-783-2258.

TUINROETE AGRI VERSEKERING

Tuinroete Agri Beperk is tans besig om die versekeringsafdeling te Mosselbaai te herstruktureer. Die ooreenkoms met ons vorige makelaar te Mosselbaai, APBCO, is na die 5 jaar termyn nie hernu nie. U versekering kan steeds deur ons geplaas word deur met ons te kantore te Mosselbaai, Riversdal en Avontuur te skakel.

TUINROETE AGRI AND PROMINENT PAINTS ON THE BOWLING FIELD

PROMINENT PAINTS

Left: Kate Reid (Knysna SPCA), Nico Cloete (TRA), Robbie Dawes (TRA Branch Manager Knysna) & Richard Oosthuizen (Prominent Paints)

TUINROETE AGRI and PROMINENT PAINTS hosted a successful social function with its clients on Thursday 7 May at the Knysna Bowling club. Novices in the bowling arena competed for various prices sponsored by Prominent Paints and old hands spotted quite a few talented potential club members.It was not ónly fun and games, as the hosts donated R1165 (Tuinroete Agri) as well as 40 liters of paint (Prominent Paints) to the Knysna branch of the SPCA. Tuinroete Agri is proud to be associated with such a worthy cause!

TRA Riversdal Krieketspan

Die TRA Riversdal Krieketspan het aan die "Six-a-Side"-toernooi deelgeneem en tot die semi-finaal deurgedring. Baie geluk.
Agter LnR: C. Michaels, B. Lingerveld, P. Elbrink, A. Makriega
Voor LnR: J. Vaaltyn, J. Esau, P. Jansen
Afwesig: A. Hoffman, H. Hoffman, D. Esau

Redaksie: Annelie van Wyk / Tel. 044-601-1200 / avwyk@tagri.co.za
René Cloete : Tel. 044-601-1200 / rcloete@tagri.co.za

RENAISSANCE DESIGN & PRINT